MEMORANDUM

No. 1 van 2006: Memoranda

Benaming van Memoranda

Daar moet bo-aan elke memorandum duidelik aangedui word dat dit ‘n memorandum is deur die woord “MEMORANDUM” aan te bring.

Direk daaronder word die memorandum genommer. Dit dui aan watter memorandum dit vir die jaar is. Byvoorbeeld: “No. 4 van 2006” beteken dat dit die vierde memorandum is wat goedgekeur is gedurende 2006.

Nadat die memorandum genommer is, word die naam daarvan aangebring. Indien die memorandum ‘n wysiging van ‘n vorige memorandum is, word daar ‘n aandagstreep en die woord “Wysiging” agter die naam aangebring. Dit as volg lyk: “No. 2 van 2007: Memoranda – Wysiging”.

Wysiging

Die toepaslike memoranda moet jaarliks hersien word deur ‘n komitee wat deur die Nasionale Komitee: Staatmakers spesifiek hiervoor saamgestel is. Dit is hierdie komitee se plig om alle memoranda toepaslik te hou.

Wanneer ‘n huidige memorandum gewysig word, word dit vervang met die nuwe volledige memorandum. Daar word dan ‘n aandagstreep en die woord “Wysiging” agter die naam aangebring. Soos beskryf hierbo.

Goedkeuring en Implementering

Memoranda moet deur die spesiale komitee vir memoranda voorgestel word deur ‘n skriftelike mosie voor te lê aan die Nasionale Interstatie. Memoranda kan slegs geïmplementeer word nadat die Nasionale Interstatie dit goedgekeur het deur ‘n gewone meerderheid van stemme ten gunste van die mosie.